LAAT ONS AKSIES TEL

NASIONALE STRATEGIESE PLAN VIR

MIV, TB en SOI's 2017-2022

Wat is die NSP?

Wat is die NSP?

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Strategiese Plan vir MIV, TB en SOI's 2017–2022 (NSP) is 'n padkaart vir die volgende stadium van ons reis na 'n toekoms waar hierdie drie epidemies stewig onder beheer is. Hierdie plan is 'n uiteensetting van ons bestemming – die doelwitte – van ons gesamentlike reis en stel vir ons bakens voor in die vorm van spesifieke, meetbare doelwitte.

Die doel van die NSP is om die talle organisasies en individue wat hard werk in die veld van MIV, TB en seksueel-oordraagbare infeksies (SOI's), te kry om saam te werk om dieselfde doelwitte te bereik.

Wie het die NSP ontwikkel?

Die ontwikkeling van die NSP word gerig en gekoördineer deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Vigsraad (SANAC), en dit sluit in alle nasionale en provinsiale owerhede, burgerlike samelewings organisasies, vakbonde, privaat sektorliggame en geloofsgebaseerde organisasies wat daarna streef om 'n ommekeer te bring in hierdie epidemies. SANAC-strukture sluit ook in die land se top-navorsers en -deskundiges op die gebied van MIV, TB en SOI's, asook internasionale ontwikkelingsvennote.

Wat beoog die NSP om te bereik teen 2022?

Ons wil **NUWE** infeksies verminder

van **270 000** per jaar
tot minder as **100 000**

ONS WIL DIT



90% van alle mense wat met MIV saamleef, moet weet wat hul MIV-status is;

90% van dié wat met MIV gediagnoseer is, hul antiretrovirale behandeling moet ontvang;

90% en in van hulle moet die MIV-virus onderdruk wees.

Wat beoog die NSP om te bereik teen 2022?

Ons wil all
NUWE
TB-infeksies
verminder van

450 000
per jaar tot
minder as **315 000**

Ons wil 90% van alle mense opspoor wat met TB saamleef,



ten minste **100%** van hulle behandel, waarvan **90%** suksesvol moet wees.

Ons wil seksueel oordraagbare infeksies (SOI's) aansienlik verlaag.

NSP-DOELWITTE

Die NSP het agt hoofdoelwitte en 'n hele aantal spesifieke doelwitte en ingrypings om hierdie doelwitte te ondersteun.

DOELWIT 1

Versnel voorkoming en vermindering van nuwe MIV-, TB- en SO-infeksies.

"Breek die siklus van oordraging"

DOELWIT 2

Verminder siektes en sterftes deur behandeling, sorg en ondersteuning vir almal.

"90-90-90 in elke streek"

DOELWIT 3

Bereik al die vernaamste en kwesbaarste bevolkings met uitgebreide, doelgerigte en geteikende ingrypings.

"Niemand word vergeet nie"

DOELWIT 4

Speek die sosiale en strukturele drywers van MIV-, TB- en SO-infeksies aan.

"'n Multidepartementele, multisektorale benadering"

NSP-DOELWITTE

DOELWIT 5

Vestig die reaksie op MIV, TB en SOI's in beginsels en benaderings vir menseregte.

"Gelyke behandeling en maatskaplike geregtigheid"

DOELWIT 6

Bevorder leierskap op alle vlakke en gedeelde verantwoordbaarheid vir 'n volhoubare reaksie op MIV, TB en SOI's.

"Gemeenskaplike verantwoordbaarheid"

DOELWIT 7

Mobiliseer hulpbronne ter ondersteuning van die bereiking van NSP-doelwitte en verseker 'n volhoubare reaksie.

"Spandeer nou, spaar later"

DOELWIT 8

Versterk strategiese inligting om vordering te dryf tot die bereiking van NSP-doelwitte.

"Data-gedrewe aksie"

As ons sukses wil behaal, moet ons ons aksies laat tel om die doelwitte van die NSP te bereik. Wat kan jy in jou gemeenskap doen om jou aksies te laat geld?

Pas jouself en jou gesin op, en verminder jul risiko om MIV, TB en SOI's te kry.

Beskerm jong vroue en meisies sodat hulle nie MIV kry nie.

Gee spesiale aandag aan jongmense, wees-, en kwesbare kinders, en mense met gestremdhede.

Tree op teen geslagsgebaseerde en seksuele geweld.

Laat jouself gereeld vir MIV toets sodat jy negatief kan bly of sorg kan kry, en gesond kan bly.

As jy MIV het, moet jy alles moontlik doen om altyd jou behandeling te neem. Sluit aan by 'n ander groep mense wat met MIV saamleef.

Laat jouself vir TB toets as jy 'n hoes het wat nie weggaan nie, of as jy iemand ken wat TB het.

As jy TB het, moet jy sorg dat jy jou behandeling voltooi sodat jy genees kan word.

Help om die stigma en diskriminasie teen mense met MIV of TB te verminder, en beskerm hulle menseregte.

Sluit aan by gemeenskapforums wat daarna strewe om MIV, TB en SOI's te bekamp, wat uitreik na mense met hoër risikogedrag en/of wetlike en maatskaplike kwessies wat hul kwesbaarheid vergroot, en hulle bemagtig.

Moedig jou gemeenskap aan om deel te neem aan voorkomingspraktyke en help ander om toegang te kry tot gesondheids- en maatskaplike ontwikkelingsdienste.

Maak nie saak waar jy ook al is, watter tyd van die dag dit is, of watter inligting jy ook al benodig nie, daar is altyd iemand wat jy kan bel:

Nasionale Vigs-hulplyn	0800 012 322
Regshulp-advieslyn	0800 110 110
Stop geslagsgeweld-hulplyn	0800 150 150
Kinderlyn	0800 055 555

NATIONAL LOTTERIES COMMISSION
LOTTO FUNDED™

J7072 0860 727 7452 / 0860 PAPRIKA